

Humor in kinderliteratuur: 'n Beskouende ondersoek na enkele soorte humor en die waarde van humor in fiksietekste vir kinders

Nandi Lessing-Venter

Nandi Lessing-Venter, onafhanklike navorser

Opsomming

Enkele soorte humor in kinderliteratuur word in hierdie artikel oorweeg. Verskeie navorsers (Kappas 1967; Smith 1967; Monson 1968; Mallan 1993; Shannon 1999) het gepoog om soorte humor waarby kinders aanklank vind te definieer, asook te kategoriseer. Die vyf bogenoemde navorsers se kategorieë humor wat moontlik aanklank vind by kinders, is onderskeidelik oordrywing, teenstrydigheid, verrassing, verspotheid, die absurde, menslike penarie, bespotting, uitdaging, geweld, verbale humor en skatologiese humor, of toilethumor ("potty humor"), waaronder grillerigheid en taboewoorde en -konsepte gelys kan word.

Die bogenoemde kategorieë is verder saamgevoeg en in vyf voorgestelde kategorieë van humor verdeel (komiese karakter, draak steek met gesag, fisieke humor, humoristiese diskoers en onsinnigheid) en die geldigheid hiervan word in hierdie artikel aangetoon deur gebruik te maak van Fleiss (1981) se kappa, 'n bepaling van nominale skaalooreenkoms tussen verskeie beoordelaars. Fleiss voer aan dat wanneer daar meer as twee beoordelaars van 'n konsep is, die beoordeling nie as uniek beskou kan word nie. Wanneer daar byvoorbeeld drie beoordelaars is, is daar geen aanname dat die drie beoordelaars wat oor een konsep saamstem, dieselfde gaan wees as die drie beoordelaars wat oor 'n volgende konsep saamstem nie. Die nie-unieke beoordelaarsgeval kan afgebreek word in drie subgevalle: (i) daar is twee moontlike beoordelings, een positief en een negatief; (ii) daar is meer as twee moontlike beoordelings, maar die aantal beoordelaars per konsep is dieselfde vir alle konsepte; en (iii) daar is meer as twee moontlike beoordelings, en die aantal beoordelaars per konsep wissel. Kappa hanteer al hierdie gevalle (Fleiss 1981).

Hierdie artikel vorm deel van 'n studie oor humor as motivering vir die teësinige kinderleser en volg op twee vorige artikels oor kinders se leesmotivering en hoe dit deur middel van humor aangemoedig kan word, asook 'n beskouende ondersoek van humorontwikkeling, humorsin en enkele meganismes onderliggend aan humor. In 'n vorige artikel (Lessing-Venter en Snyman 2017) is die ekstrasieke en intrinsieke wyses waarop kinders geleer of

gemotiveer word om te lees, bespreek. Die artikel het afgesluit met die voorstel dat humor 'n moontlike sleutel tot leesgenot, leesmotivering, leesbelangstelling en uiteindelik leesbevordering is. 'n Opvolgartikel (Lessing-Venter 2018) het daarop gedui dat kennis van die verskillende fases van die ontwikkeling van kinders se sin vir humor aan rolspelers 'n maatstaf gee vir die kies van boeke vir kinders. In die huidige artikel word 'n voorgestelde maatstaf van kennis van enkele soorte humor wat in kinderliteratuur teenwoordig is, beskou.

Trefwoorde: humor; humorontwikkeling; humorsin; kinderliteratuur; kognitiewe ontwikkeling; leesbevordering; leesmotivering.

Abstract

Humour in children's literature: An exploratory investigation into some types of humour and the value of humour in fiction texts for children

This article explores the types and categories of humour in children's literature. It also reflects on the value of humour in this genre.

Knowledge of different phases of the development of children's sense of humour, as discussed in a previous article (Lessing-Venter 2018), gives role players a benchmark for the selection of books for children. Another criterion is knowledge of the types of humour that are present in children's literature, as will be explained in this article.

The use of humour in children's literature is investigated on the basis of the hypothesis, as discussed by Lessing-Venter and Snyman (2017), that reading involvement and reading motivation can be encouraged by the reading pleasure that humour can provide in children's literature. Some types of humour in children's literature are considered in this article. Several researchers (Kappas 1967; Smith 1967; Monson 1968; Mallan 1993; Shannon 1999) attempted to define and categorise types of humour that appeal to children. The five aforementioned researchers' categories of humour are exaggeration, incongruity, surprise, the absurd, human predicaments, ridicule, defiance, violence, verbal humour and scatological humour or toilet humour (potty humour), which includes gross humour and taboo words and concepts.

These categories are synthesised here into five suggested categories of humour – comic characters, poking fun at authority, physical humour, humorous discourse, and slapstick – and its validity is shown in this article using Fleiss's (1981) kappa. Fleiss's kappa is a statistical measure to determine nominal scale agreement among various reviewers. Fleiss (1981) argues that when there are more than two reviewers of a concept, the assessment cannot be regarded as unique. For example, when there are three reviewers, there is no assumption that the three judges who agree on one concept will be the same as the three judges who do not agree on a next concept. The non-unique judge case can be broken down into three sub-cases: (i) there are two possible judgements, one positive and one negative; (ii) there are more than two possible assessments, but the number of reviewers per concept is the same for all the

concepts; and (iii) there are more than two possible assessments, and the number of reviewers per concept varies. Kappa encompasses all these cases (Fleiss 1981).

This article forms part of a study of humour as motivation for the reluctant young reader. It follows two previous articles on children's reading motivation and how it can be encouraged by humour, as well as a perceptive study of humour development, sense of humour, and some mechanisms underlying humour. A previous article (Lessing-Venter and Snyman 2017) discussed the extrinsic and intrinsic ways in which children are taught or motivated to read. The article concluded with the suggestion that humour is a possible key to reading pleasure, reading motivation, reading interest and, finally, reading promotion. A subsequent article (Lessing-Venter 2018) indicated to role players that knowledge of the different phases of the development of children's sense of humour provides a measure for choosing children's books. The current article observes a suggested measure of knowledge of some kinds of humour that is present in children's literature.

As mentioned, several researchers (Kappas 1967; Smith 1967; Monson 1968; Mallan 1993; Shannon 1999) attempted to define and categorise the types of humour that appeal to children. Kappas distinguished ten kinds of humour in children's literature, all of which are based on incongruity. (According to her, incongruity is the basis of all kinds of humour.) She identified the following kinds of humour: exaggeration, incongruity, surprise, slapstick, the absurd, human predicament, ridicule, defiance, violence and verbal humour.

The validity of the aforementioned types of humour (which from here on are called subcategories) is confirmed by the corresponding reports by researchers (Smith 1967; Monson 1968; Mallan 1993; Shannon 1999) on these respective subcategories.

Mallan (1993) and Shannon (1999) made an important addition to Kappas's (1967) ten types of humour, namely scatological humour or toilet humour (potty humour), including gross humour and taboo words and concepts.

According to the percentage of each of the subcategories of humour found in children's literature, as referred to in the work of Kappas (1967), Smith (1967), Monson (1968), Mallan (1993) and Shannon (1999), verbal humour and human predicament seem to be the most common subcategories of humour in children's literature. Non-verbal incongruity, slapstick, surprise, exaggeration and absurdity follow. It was further found that the abovementioned researchers refer less to ridicule, defiance, violence and scatological and gross humour.

The corresponding grouping by the researchers (Kappas 1967; Smith 1967; Monson 1968; Mallan 1993; Shannon 1999) of the abovementioned 11 subcategories of humour can further be sorted into five possible synthesised categories of humour. Each of the subcategories can be placed in more than one synthesised category. Ridicule can be placed in two different synthesised categories: poking fun at authority (Kappas 1967; Mallan 1993) and comic characters (Smith 1967; Monson 1968). Human predicament can be included under comic characters (Smith 1967; Monson 1968; Mallan 1993; Shannon 1999) as well as poking fun at authority (Kappas 1967). Defiance can be included under comic characters (Kappas 1967; Shannon 1999) and poking fun at authority (Mallan 1993). Each of the 11 subcategories can be grouped similarly to the five synthesised categories of humour that appeal to children.

The five synthesised categories can be listed hierarchically, according to the respective categories of Kappas (1967), Smith (1967), Monson (1968), Mallan (1993) and Shannon (1999). The categories are comic character, humorous discourse, physical humour, slapstick, and poking fun at authority.

There can be no assumption of the constant identity of the reviewers on topics; therefore, the specified variables contain a number of judges' reviews on topics in a particular category.

Fleiss's (1981) kappa can be explained as follows: Kappa is the degree of agreement achievable beyond coincidence, divided by the degree of actual agreement reached by chance.

If the judges (researchers) fully agree on a topic, the kappa will be 1. If there is no agreement between the reviewers (researchers) on a topic (other than might be expected by chance), then the kappa will be less than 0 (zero).

The standard error (*se*) for the number of categories (*k*), to the power of items (*j*), is determined by the square root of 2, divided by the number obtained by the number of judges (researchers) (*m*) with the number of items to be judged to be multiplied and then measured with the number of reviewers (researchers) (*n*) minus 1:

$$se(k_j) = \sqrt{\frac{2}{mn(n-1)}}$$

It is therefore important that each item (*n*) should be evaluated *m* times (if each researcher did not judge each item).

Fleiss's (1981) kappa was applied to the five synthesised categories of humour according to the extent to which five researchers (Kappas 1967, Smith 1967, Monson 1968, Mallan 1993 and Shannon 1999) matched the classification of the 11 subcategories in the five synthesised categories of humour that appeal to children.

The validity of the five proposed categories is proven in this article using Fleiss's (1981) kappa. The kappa in this article shows a result of 0,86, which implies that the reliability of the proposed categories, as well as the subcategories, is sufficient.

A subsequent article involves an in-depth content analysis of the examples of humour found in a selection of the books of the South African children's writer Jaco Jacobs, grouped according to the categories and subcategories of humour discussed.

Keywords: children's literature; cognitive development; humour; humour development; reading motivation; reading promotion; sense of humour

1. Inleiding

In hierdie artikel word die soorte en kategorieë humor in kinderliteratuur bespreek. Daar word ook besin oor die waarde van humor in hierdie genre.

Kennis van verskillende fases van die ontwikkeling van kinders se sin vir humor, soos in 'n vorige artikel bespreek is (Lessing-Venter 2018), gee rolspelers 'n maatstaf vir die keuring van boeke vir kinders. Nog 'n maatstaf is kennis van die soorte humor wat teenwoordig is in kinderliteratuur, soos in die volgende afdeling uiteengesit sal word.

Die gebruik van humor in kinderliteratuur word in hierdie studie ondersoek op grond van die hipotese, soos bespreek deur Lessing-Venter en Snyman (2017), dat leesbetrokkenheid en leesmotivering aangemoedig kan word deur die leesplezier wat humor in kinderliteratuur kan verskaf.

2. Die begrip *kinderliteratuur*

Aangesien hierdie studie humor in kinderliteratuur ondersoek, is dit noodsaaklik om kortliks na die studieveld van kinderliteratuur te verwys.

Die genrekodes en -konvensies wat by kinderliteratuur gebruik word, speel 'n groot rol by die bepaling van die definisie van die begrip *kinderliteratuur* (Oosthuizen 2010:30). Indien aanvaar word dat kinderliteratuur en jeugliteratuur twee verskillende genres is, impliseer dit dat die genrekodes en -konvensies van die twee soorte literatuur gaan verskil. Gevolglik word kinderliteratuur anders gedefinieer as jeugliteratuur (Oosthuizen 2010:30):

Alhoewel die genres kinderliteratuur en jeugliteratuur familietrekke mag hê wat die gebruik van 'n sambreelterm regverdig, is die twee soorte boeke so afhanklik van die ontwikkelingsfase van die mens dat dit nie as een en dieselfde ding bestempel kan word nie, net soos wat 'n kleuter en 'n tiener nie dieselfde "ding" is nie.

Vanweë die fokus van hierdie studie sal daar slegs kortliks na 'n paar definisies van kinderliteratuur verwys word.

Kinderliteratuur word deur navorsers op verskillende wyses gedefinieer. Lynch-Brown en Tomlinson (2005:3) definieer kinderliteratuur as "good quality trade books for children from birth to adolescence, covering topics of relevance and interest to children of those ages, through prose and poetry, fiction and nonfiction".

Ghesquière (2009:10), wat 'n bekende navorser van kinder- en jeugliteratuur in Vlaandere was, het die term *kinderliteratuur* soos volg verduidelik: "Kinderliteratuur verwys na boeke en tekste voor kinders vanaf die peuterleefstyd tot ongeveer 11–12 jaar (puberteit)."

Oosthuizen (2010) stem nie saam dat 'n enkele algemene definisie van kinderliteratuur moontlik is nie. Sy is van mening dat die lesers van die literatuur die definisie daarvan bepaal. Die kind stel sekere eise aan sy/haar literatuur afhangende van sy/haar ontwikkelingsvlak en belewenisveld. Die ontwikkelingsfases van die kind bepaal dus watter literatuur vir die spesifieke leser geskik is.

Daarteenoor verskaf Steenberg (2013) moontlik 'n meer substansiële, wetenskaplike beskrywing van kinderliteratuur:

Kinderliteratuur is 'n aparte, selfstandige tak van die literatuur. Die ooreenkoms met volwassenerliteratuur is dat die skrywer daarvan ook uiting gee aan die drang om die menslike bestaan en elke faset van die mens se lewe te verken en deur die woord daaraan vorm en sin te gee. Die verskil is dat die skrywer dit in kinderliteratuur op kindgerigte wyse doen sodat die kind dit met sy bepaalde geestelike, verstandelike en emosionele toerusting kan begryp en dit tot hom spreek op 'n wyse wat aansluit by sy unieke eienskappe as kind.

Dit is egter nie die doel van hierdie studie om die definisie van die term *kinderliteratuur* verder te ondersoek nie. Bostaande definisies verskaf slegs agtergrond oor die soort literatuur waarin humor bespreek sal word. Die definisie van kinderliteratuur as “'n vorm van literatuur gerig op die kind” sal in hierdie studie as 'n werksdefinisie gebruik word.

3. Die soorte humor in kinderliteratuur

Verskeie navorsers (Kappas 1967; Smith 1967; Monson 1968; Mallan 1993; Shannon 1999) het gepoog om die soorte humor waarby kinders aanklank vind te definieer, asook te kategoriseer. In hierdie afdeling word hierdie navorsers se kategorieë bespreek.

Kappas (1967) het tien soorte humor in kinderliteratuur onderskei wat almal op vorme van teenstrydigheid (“incongruity”) gegrond is. Volgens haar is teenstrydigheid dus die basis van alle vorme van humor. Die tien soorte humor wat sy geïdentifiseer het, is die volgende:

Oordrywing: Die gebruik van oor- of onderbeklemtoning van byvoorbeeld grootte, getalle, verhoudings, feite, gevoelens, dade en ervarings.

Teenstrydigheid/ongerymdheid: Die assosiasie van twee elemente wat gewoonlik as onversoenbaar beskou word; met ander woorde die gebrek aan 'n rasonale verband tussen voorwerpe, mense of idees aan mekaar of aan die omgewing.

Verrassing: Die voorkoms van die onverwagse – hetsy feit, gedagte, gevoel of gebeurtenis (in 'n meer gesofistikeerde vorm sou dit op ironie dui).

Verspotheid ("slapstick"): Hierdie soort humor behels 'n vinnige, uitbundige en uitspattige fisieke aktiwiteit of woordspel wat dikwels gepaard gaan met rumoerige verbale humor.

Die absurde: 'n Situasië of aksie met 'n tekort aan rede. 'n Karakter wat dwaas of belaglik is, met 'n gebrek aan gesonde verstand. Hierdie soort humor sluit in: onsinnigheid – die gebruik van onsinnige logika en taal; die verregaande – wat voortspruit uit die teenstrydigheid van die werklikheid en fantasie; en eienaardigheid ("whimsicalness") – 'n fantastiese denkbild, voorwerp of skepping, veral in skryfwerk of kuns.

Menslike penarie: Dit behels benoude situasies waarin 'n karakter hom of haar bevind. Hierdie kategorie van humor sluit die meerderwaardigheidsmeganisme van humor in (soos in Lessing-Venter 2018 bespreek), gebaseer op selfverheerliking of die tentoonstelling van vyandigheid deur middel van die verwarring, mislukking of ongeluk van ander. Komiese penaries wat gebaseer is op 'n gesindheid van simpatieke aanvaarding van die menslike penarie kom te voorskyn in situasies waar 'n persoon vir 'n oomblik as dwaas of gekul deur die lewe voorkom. In hierdie geval is daar geen vyandige gevoelens betrokke nie.

Bespotting: Hoofsaaklik die terg van en spot met ander of jouself. 'n Voorbeeld hiervan is die bespotting van volwassenes, byvoorbeeld hul grootte, krag, swakhede, wêreld van gewoontes en instellings. Negatiewe bespotting ontstaan uit gevoelens van selfverheerliking of die tentoonstelling van vyandigheid deur die bespotting van ander (soos vroeër genoem). Speelse bespotting, daarenteen, is gebaseer op die simpatieke aanvaarding van menslike swakhede. Satire is in die eerste plek 'n gesofistikeerde artistieke vorm van humor wat uit bespotting voortspruit.

Uitdaging: Hierdie soort humor spruit hoofsaaklik uit die tentoonstelling van vyandigheid of aggressie deur rebellie, insluitend die skending van konvensies, die skep van situasies wat sosiaal onaanvaarbaar is (volgens volwassenes), die uitdrukking van verbode idees en die skending van volwasse gesag.

Geweld: Dit behels die tentoonstelling van vyandigheid of aggressie deur die uitdrukking van 'n komiese uitbeelding van geweld.

Verbale humor: Die manipulasie van taal deur woordspel, trefreëls, grappe, sarkasme en 'n skerp sin vir humor of skerts kan óf 'n positiewe óf 'n negatiewe emosionele inhoud bevat, maar verskil van die ander vorme van humor omdat dit 'n verbale eerder as 'n situasionele vorm van humor is.

Die geldigheid van die bogenoemde soorte humor (waarna ek verder as subkategorieë sal verwys) word aanvaar deur navorsers (Smith 1967, Monson 1968, Mallan 1993 en Shannon 1999) se ooreenstemmende melding van hierdie onderskeie subkategorieë.

Mallan (1993) en Shannon (1999) het 'n belangrike toevoeging gemaak tot Kappas (1967) se tien soorte humor, naamlik skatologiese humor, of toilethumor ("potty humor"), waaronder grilligheid taboewoorde en -konsepte gelys kan word.

Mallan (1993:42), Shannon (1999) en Mawter (2005:8) verwys na grillige humor ("gross humor") en taboekonsepte in hul navorsing. Die volgende voorbeeld word deur Mallan (1993:42) voorgehou:

Children's enjoyment of vulgar and obscene forms of humour is a universal phenomenon. Children show delight in exploring topics regarded as taboo by adults. Children's vulgar rhymes include jokes, stories, parodies, tongue twisters and riddles. Often figures from popular culture are the focus; at other times world leaders or sacred icons, such as the Bible or the Pope, are the targets.

Mawter (2005:8) sluit by die bogenoemde aan deur haar verduideliking waarom skatologiese humor en taboekonsepte dikwels as humoristies ervaar kan word:

One component of gross humour is scatological humour, the mockery of the secretions of the human body. It is interesting to note that this type of humour is appreciated by both the young and old. As much as some adults detest it, others love it. William G. Plank in his study, *The Psycho-Social Bases of Scatological Humour: The Unmasking of the Self*, takes a close look at what happens in scatological humour. He says, "... scatological humour removes the props by which the self attempts to create and control its image: clothing, privacy, secrecy, composition of the face, and self-control. It shows humans as being vulnerable and less than perfect and many adults just cannot cope with this. But as David Lubar points out, "Denial begets taboo" (1999). Anything taboo is highly appealing to children.

Twee voorbeelde van hierdie skatologiese vorm van humor blyk duidelik uit kinderboektitels soos *Wie het bollie gegooi?* (oorspronklik *Who flung dung?*) (Redlich 2011) en *Die storie van die molletjie wat wou weet wie op sy kop gedinges het* (oorspronklik *Vom kleinen Maulwurf, der wissen wollte, wer ihm auf den Kopf gemacht hat*) deur Holzwarth en Erlbruch (2002). Albei boeke se fokus is op ekskrement of liggaamlike uitwerpsels:

Eendag steek die molletjie sy kop bo die grond uit om te sien of die son al opgekom het. En daar tref dit hom! (Dis bruinerig en lyk bietjie soos 'n wors. Maar die ergste van alles: dit beland reg bo-op sy kop.)

"Hoe gemeen!" skree die molletjie.

"Wie het op my kop gedinges?"

(Maar hy is so bysiende dat hy niemand daar naby gewaar nie.) (Holzwarth en Erlbruch 2002:3-4)

Die molletjie vra elke dier wat hy teëkom: “Het jy op my kop gedinges?”, en die dier sal dan verontwaardig antwoord: “Nee! Myne lyk só!” en ’n genotvolle, grillerige beskrywing sal volg met ’n kleurvolle illustrasie om dit te benadruk.

’n Soortgelyke situasie word gevind in *Wie het bollie gegooi?* (Redlich 2011): Ferdinand die apie het rustig onder ’n boom gelê en slaap. Die volgende oomblik tref iets hom:

“Wie het bollie gegooi?” vra Ferdinand vies, want nou is hy vol bollie en dit STINK.
(Redlich 2011:4)

Ferdinand besluit om uit te vind wat aan die gang is. Hy verdink, net soos die molletjie in die vorige voorbeeld, elke dier wat hy raakloop:

“Moenie na óns kyk nie!” sê Olifant.

“Ek sal jou eerder vol stof trap, as om so ’n vuil en vieslike ding aan jou te doen!”

“En ek sal jou eerder bestorm en met my neus stamp!” sê Renoster.


“Gaan soek die bolliegooier op ’n ander plek!” (Redlich 2011:8)

Nog ’n voorbeeld van skatologiese humor kom voor in *Dino poef ’n planeet!* (Fletcher en Poynter 2018). Dino en Dirkman besoek ’n museum en druk op al die verkeerde knoppies. Toe hulle weer sien, is hulle op pad na die ruimte toe, maar hulle het hul padkos vergeet. Dino begin dan alles opvreet wat hy sien. Gelukkig kry hy ’n “poefastiese” plan om hulle weer op die aarde te kry ...

Voorskoolse kinders wat deur die proses van potjie-opleiding ("potty-training") gaan, vind skatologiese humor veral snaaks en gebruik dit ook graag (Cunningham 2004:102–3):

The scatological stage of humour development, which often makes its first appearance around a preschool lunch table, may also be interpreted as evidence of this deepening understanding, as children discover that words such as “peepee” and “poop” elicit strong reactions from adults and other children.

Figuur 1 beeld die persentasie van elk van die bogenoemde subkategorieë van humor uit wat in kinderliteratuur voorkom soos wat daarna verwys word in die werk van Kappas (1967), Smith (1967), Monson (1968), Mallan (1993) en Shannon (1999)



Figuur 1. Die persentasies van subkategorieë van humor in kinderliteratuur

Verbale humor en menslike penarie blyk die algemeenste subkategorieë te wees ten opsigte van humor in kinderliteratuur te wees. Daarna volg nieverbale teenstrydigheid, verspotheid, verrassing, oordrywing en die absurde. Daar is verder bevind dat bogenoemde navorsers minder verwys na bespottig, uitdaging, geweld, skatologiese humor en grilligheid.

Die onderstaande tabel toon Kappas (1967), Smith (1967), Monson (1968), Mallan (1993) en Shannon (1999) se ooreenstemmende groepering van die bogenoemde 11 subkategorieë van humor onder vyf moontlike saamgevoegde kategorieë.


Tabel 1. Die groepering van die subkategorieë van humor onder die vyf saamgevoegde kategorieë van humor

	Kappas (1967)	Smith (1967)	Monson (1968)	Mallan (1993)	Shannon (1999)
Bespottig	Die draak steek met gesag	Komiese karakter	Komiese karakter	Die draak steek met gesag	
Menslike penarie	Die draak steek met gesag	Komiese karakter	Komiese karakter	Komiese karakter	Komiese karakter
Uitdaging	Komiese karakter			Die draak steek met	Komiese karakter

				gesag	
Geweld	Fisieke humor	Fisieke humor			
Oordrywing	Komiese karakter	Fisieke humor	Komiese karakter	Die draak steek met gesag	
Verrassing	Fisieke humor	Fisieke humor	Fisieke humor	Fisieke humor	
Verbale humor	Humoristiese diskoers	Humoristiese diskoers	Humoristiese diskoers	Humoristiese diskoers	Humoristiese diskoers
Skatologiese humor en grillerigheid (taboewoorde en -konsepte)				Onsinnigheid	Onsinnigheid
Teenstrydigheid	Humoristiese diskoers	Fisieke humor	Komiese karakter	Komiese karakter	
Die absurde	Onsinnigheid		Onsinnigheid	Fisieke humor	Onsinnigheid
Verspotheid	Fisieke humor	Fisieke humor	Fisieke humor	Fisieke humor	

Uit tabel 1 kan daar afgelei word dat van die subkategorieë onder meer as een saamgevoegde kategorie geplaas kan word. Bespotting kan byvoorbeeld geplaas word onder twee verskillende saamgevoegde kategorieë: die draak steek met gesag (Kappas 1967; Mallan 1993) en komiese karakter (Smith 1967; Monson 1968). Menslike penarie kan geplaas word onder komiese karakter (Smith 1967; Monson 1968; Mallan 1993; Shannon 1999) en die draak steek met gesag (Kappas 1967). Uitdaging kan geplaas word onder komiese karakter (Kappas 1967; Shannon 1999) en die draak steek met gesag (Mallan 1993). Elk van die 11 subkategorieë kan soortgelyk gegroepeer word onder die vyf saamgevoegde kategorieë van humor waarby kinders aanklank vind.

Vyf saamgevoegde kategorieë (figuur 2) kan hiërargies volgens Kappas (1967), Smith (1967), Monson (1968), Mallan (1993) en Shannon (1999) se onderskeie kategorieë gelys word, naamlik komiese karakter (25%), humoristiese diskoers (25%), fisieke humor (20%), onsinnigheid (20%) en die draak steek met gesag (10%).



Figuur 2. Die persentasies saamgevoegde kategorieë van humor in kinderliteratuur

Die vyf bogenoemde kategorieë se geldigheid is verder bepaal deur 'n meting van nominale skaalooreenkoms tussen verskeie beoordelaars. Cohen (1960) se kappa is 'n meetinstrument vir die ooreenkoms tussen twee beoordelaars, waar ooreenkoms wat haalbaar is bo toeval, bereken is. Cohen se kappa word verder uitgebrei vir gevalle waar daar meer as twee beoordelaars voorkom. Hierdie uitbreiding staan bekend as Fleiss (1981) se kappa.

Wanneer daar meer as twee beoordelaars van 'n konsep is, kan die beoordeling nie as uniek beskou kan word nie. Wanneer daar byvoorbeeld drie beoordelaars is, kan daar geen aanname gemaak word dat die drie beoordelaars wat oor een konsep saamstem, dieselfde gaan wees as die drie beoordelaars wat oor 'n volgende konsep nie saamstem nie. Die nie-unieke beoordelaarsgeval kan in drie subgevalle verdeel word: (i) daar is twee moontlike beoordelings, een positief en een negatief; (ii) daar is meer as twee moontlike beoordelings, maar die aantal beoordelaars per konsep is dieselfde vir alle konsepte; en (iii) daar is meer as twee moontlike beoordelings, en die aantal beoordelaars per konsep wissel. Kappa hanteer al hierdie gevalle (Fleiss 1981).

Daar kan geen aanname van konstante identiteit van beoordelaars oor onderwerpe gemaak word nie, en daarom bevat die gespesifiseerde veranderlikes 'n aantal beoordelings van beoordelaars oor onderwerpe in 'n bepaalde kategorie. Fleiss (1981) se kappa kan soos volg verduidelik word: kappa is die mate van ooreenkoms wat haalbaar is bo toeval, gedeel deur die mate van werklike ooreenkoms wat bo toeval bereik word.

Indien die beoordelaars (navorsers) ten volle saamstem oor 'n onderwerp, sal die kappa 1 (een) wees. Indien daar geen ooreenkoms tussen die beoordelaars (navorsers) oor 'n onderwerp is nie (anders as wat per toeval verwag sou word), dan sal die kappa kleiner as 0 wees.

Die standaardfout (sf) vir die aantal kategorieë (k), tot die mag items (j), word bepaal deur die vierkantswortel van 2, wat gedeel word deur die getal wat verkry word deur die aantal beoordelaars (navorsers) (m) met die aantal items wat beoordeel word (n) te vermenigvuldig, en dan gemaak word met die aantal beoordelaars (navorsers) (m) minus 1:

$$se(k_j) = \sqrt{\frac{2}{mn(m-1)}}$$


Dit is dus belangrik dat elke item (n) (m) keer beoordeel moet word (as elke navorsers nie elke item beoordeel het nie).

Fleiss (1981) se kappa is toegepas op die vyf saamgevoegde kategorieë van humor na aanleiding van die mate waartoe die vyf navorsers Kappas, Smith, Monson, Mallan en Shannon saamstem oor die indeling van die 11 subkategorieë in die vyf saamgevoegde kategorieë van humor waarby kinders aanklank vind (figuur 3).

Kappas (1967)		Smith (1967)		Monson (1968)		Mallan (1993)		Shannon (1999)	
Item	Kat	Item	Kat	Item	Kat	Item	Kat	Item	Kat
1	1	1	4	1	4	1	1	1	0
2	1	2	4	2	4	2	4	2	4
3	4	3	0	3	0	3	1	3	4
4	2	4	2	4	0	4	0	4	0
5	4	5	2	5	4	5	1	5	0
6	2	6	2	6	2	6	2	6	0
7	3	7	3	7	3	7	3	7	3
8	0	8	0	8	0	8	5	8	5
9	3	9	2	9	4	9	4	9	0
10	5	10	0	10	5	10	2	10	5
11	2	11	2	11	2	11	2	11	0


Figuur 3. Navorsers se klassifikasie van kategorieë

'n Interpretasie, per saamgevoegde kategorie, van die bogenoemde data dui op die volgende: Die aantal navorsers wat die kategorie van die draak steek met gesag geïdentifiseer het, word in figuur 4 aangedui. Twee navorsers (Kappas en Mallan) het saamgestem dat die subkategorie bespotting 'n vorm van draak steek met gesag is. Kappas het verder die subkategorie van menslike penarie in hierdie kategorie gegroep, en Mallan het uitdaging en oordrywing as subkategorieë hier gegroep.




Figuur 4. Aantal navorsers wat sekere subkategorieë gegroeper het in die kategorie die draak steek met gesag

Die aantal navorsers wat fisieke humor as 'n kategorie geïdentifiseer het, word in figuur 5 aangedui. Die subkategorie geweld is in hierdie kategorie deur twee navorsers gegroeper (Kappas en Smith). Die subkategorie oordrywing is deur Smith as fisieke humor beskryf en vier navorsers (Kappas, Smith, Monson en Mallan) het die subkategorie verrassing as vorm van fisieke humor bevestig (figuur 5).




Figuur 5. Die aantal navorsers wat sekere subkategorieë in die kategorie fisieke humor gegroeper het

Humoristiese diskoers: Al vyf die hoofnavorsers oor wie dit hier gaan, het saamgestem dat die subkategorie verbale humor 'n vorm van humoristiese diskoers is. Kappas het ook die subkategorie teenstrydigheid in hierdie kategorie geplaas (figuur 6).




Figuur 6. Die aantal navorsers wat sekere subkategorieë in die kategorie humoristiese diskoers gegroep het

Komiese karakter: Vyf van die 11 subkategorieë van humor is in die kategorie van komiese karakter gegroep: Smith en Monson het bespotting beskryf as 'n subkategorie; Kappas en Shannon het uitdaging genoem; Kappas en Monson oordrywing; en Monson en Mallan teenstrydigheid. Vier van die vyf navorsers (Smith, Monson, Mallan en Shannon) het saamgestem oor die gewildheid van menslike penarie waarin komiese karakters hulle dikwels bevind (figuur 7).



Figuur 7. Die aantal navorsers wat sekere subkategorieë in die kategorie komiese karakter gegroep het

Onsinnigheid: Mallan en Shannon het die subkategorieë skatologiese humor en grillerigheid as voorbeelde van onsinnigheid beskryf. Die absurde is ook as 'n vorm van onsinnigheid geklassifiseer (Kappas, Monson, Shannon) (sien figuur 8).



Figuur 8. Die aantal navorsers wat sekere subkategorieë in die kategorie onsinnigheid gegroepeer het

Ten slotte kan daar afgelei word dat die vyf saamgevoegde kategorieë, asook elkeen van die 11 subkategorieë, geldig is na aanleiding van die bogenoemde vyf navorsers se navorsing oor hierdie kategorieë. Aangesien daar 86% ooreenstemming tussen die vyf genoemde navorsers is, soos bewys is deur Fleiss (1981) se kappa-uitslag, kan daar aangeneem word dat die kategorieë van humor in hierdie studie geldig is.

Elk van die vyf saamgevoegde kategorieë van humor in kinderliteratuur sal vervolgens bespreek word.

3.1 Komiese karakter

Kinders identifiseer graag met 'n komiese karakter (Jauss 1977, in Greyling 1999). Kinders geniet veral die oordrywing van menslike eienskappe en swakhede wat gebruik word by die skep van 'n komiese karakter (Mallan 1993:15). Ook teenstrydighede in karakters of die kontraste tussen karakters amuseer kinders (Smith 1967).

Shannon (1999:130) het bepaal dat kinders karakters in die volgende situasies as snaaks beskou: (1) meerderwaardigheid teenoor jonger kinders, (2) sukses, en (3) afrekening ("getting even").

Kinders beskryf volgens Shannon (1999:130) die sogenaamde swakhede van jonger kinders as snaaks. Voorbeelde van komiese karakters in hierdie geval is Alie en Lulu se jonger boeties se eskapades (*Rivierplaas*, Bouwer 2007); Kwaai Babatjie, Kwaatjie se bababoetie, wat alles glo wat Liewe Heksie hom vertel (*Die Liewe Heksie-omnibus*, Vels 2002); en Lisa se boetie, Wessel, wat homself in die badkamer toegesluit het nadat Lisa hom skrikgemaak het en toe nie weer wil uitkom nie (*Lisa het 'n plan*, Preller 2008).

Situasies waar karakters deur uitdagings in die gesig staar word, of besin oor die uitdagings wat verband hou met fisieke, intellektuele of sosiale sukses, word ook deur kinders as snaaks bestempel (Shannon 1999:130). Die volgende kan moontlik as voorbeelde dien: Heleen, wat 'n nare heks wat kinders haat, uitoorlê het (*Heleen en die heks met hoofpyn*, Fourie 2008); Bessie Hemelbesem, die jong meisie wat altyd met intellektuele planne vorendag kom om skelms se planne te fnuik (*Bessie Hemelbesem en oom Sak Sarel se testament*, Oosthuysen

2008); en Trompie se sukses om vir Boesman, die hond wat eers aan Sefanja behoort het, te mag hou nadat Sefanja weg is (*Trompie*, Smith 2013).

Komiese karakters kan dit vir kinders moontlik maak om ontslae te raak van spanning deur middel van karakters se verspotheid en oordrewe voorkoms of aksies (optrede). Hierdie karakters is ook dikwels snaaks omdat hulle oor verrassende vaardighede beskik. Deur vir 'n komiese karakter te lag blyk nie te vereis dat die leser hom- of haarself met die karakter vergelyk nie, en indien wel, is so 'n vergelyking nie gebaseer op 'n gevoel van meerderwaardigheid nie.

3.2 Draak steek met gesag

Talle navorsers het gevind dat gesagsfigure dikwels die fokus van humor in kinderboeke is (Mallan 1993:15; Mawter 2005:4; Martin 2007:262; Chapman en Foot 2013:232; Attardo 2014:126).

Wolfenstein (1954:12) dui aan dat dit 'n positiewe psigologiese uitwerking op kinders het om met sekere volwassenes (gewoonlik onredelike volwassenes) die spot te dryf:

From an early age, children avail themselves of joking to alleviate their difficulties. They transform the painful into the enjoyable, turn impossible wishes and the envied bigness and powers of adults into something ridiculous, expose adult pretensions, make light of failures, and parody their own frustrated strivings.

Dit is belangrik om uit te lig dat daar nie met alle volwassenes gespot word nie; daar is ook volwassenes wat aan die kind se kant is. Dit is die aard van die volwassene en sy of haar houding teenoor kinders wat die spot veroorsaak. 'n Voorbeeld hiervan is die rol wat die Koningin van Engeland speel wanneer sy vir Sofie help om ontslae te raak van al die kindervreterreus in *Die GSR (Die Groot Sagmoedige Reus)*, Dahl 2016c). Die Koningin gee opdrag aan die leër en die lugmag om die nege reuse tydens hul middagslapie te oorweldig. Die soldate bind die reuse met kettings en toue vas en hulle word aan nege groot helikopters gehang en na Engeland geneem om in 'n reusagtige kuil gegooi te word.

Roald Dahl het dit as normaal beskou dat preadolesente kinders hulle teen sekere grootmense verset. Daarom dryf hy gereeld die spot met sekere gesagsfigure. Dahl kon homself identifiseer met kinders en die intriges van die meeste van sy stories behels die gekonkel saam met kinders om die oorhand oor onderdrukkende volwassenes te kry (*James en die reuse perske*, Dahl 2016a, *Matilda*, Dahl 2016b en *Die Groot Sagmoedige Reus*, Dahl 2016c is voorbeelde hiervan). In *Roald Dahl's guide to railway safety* (1991) waarsku hy dat dit volwassenes (of reuse, soos hy na volwassenes verwys) se plig is om kinders te dissiplineer, maar nie om kinders te ondermyn nie:

What the child does not understand is that unfortunately the GIANTS have to do this. It is the only way to bring up a child properly. When you are born you are an uncivilized little savage with bad habits and no manners and it is the job of the GIANTS (your parents and your teachers) to train you and discipline you. The child hates this and resists it fiercely. Yet it has to be done. (Dahl 1991:3)

Mawter (2005:4) is van mening dat kinders dit van nature snaaks vind om die draak te steek met volwassenes: “(H)umour often ridicules those who hold power. It’s natural then that kids love to ridicule adults. This mocking of authority, this subversive laughter, is what so often disturbs adults.”

Tant Potjierol (*Bessie Hemelbesem en oom Sak Sarel se testament*, Oosthuysen 2008) is ’n voorbeeld van ’n gesagsfiguur waarmee die draak gesteek word:

“Is dit nou ’n seekoei, of is dit nie?” wonder Bessie.

Sy staar steeds met haar hande bo haar oë na onder. Ma Hemelbesem haal ’n spieëltjie uit haar sak en kyk daarmee na onder. Toe neem sy dit weg en kyk daarsonder na onder. Eers tóé skree sy opgewonde:

“Dis nie ’n seekoei nie, dis tant Potjierol!” (Oosthuysen 2008:12)

Tant Potjierol word geensins openlik bespot nie, maar in die verwysings na haar doen en late word daar wel subtiel met haar gespot. Wanneer tant Potjierol byvoorbeeld besef wie die “ou antie” is wat die skelms volgens hul afpersbrief beplan om te ontvoer, word sy flou:

Haar gesig word spierwit. Toe kantel sy om en beland bo-op Pa Hemelbesem wat steeds langs haar sit. Haar groot liggaam pen hom vas teen die kant van die rusbank sodat hy nie kan roer nie. [...] Toe die skoot koue water tant Potjierol tref, ruk haar dik arms en bene rond en sy hoes en sy proes. Tot almal se verligting, veral Pa Hemelbesem s’n, kom sy gou by en staan sukkel-sukkel op. (Oosthuysen 2008:46)

Deur middel van draak steek met gesag bied hierdie kategorie van humor ’n gesonde uiting aan kinders se emosies van magteloosheid wat hulle soms teenoor volwassenes beleef. Wanneer volwasse karakters op ’n humoristiese wyse bespot of verneder word, word die gaping tussen die volwassenes en kinders kleiner gemaak.

3.3 Fisieke humor

Fisieke humor is ’n soort humor wat fokus op die manipulasie van die liggaam vir humoristiese effek, byvoorbeeld wanneer iemand op ’n piesangskil gly of wanneer ’n persoon se broek voor ander mense afval en sy onderklere ontbloot. Fisieke humor maak dikwels staat op die kind se assosiasie met die lot van ’n karakter wat hom of haar in ’n penarie, soos bo genoem, bevind, asook empatie met die karakter (Dickie 2011:102).

Fisieke humor laat kinders lag omdat dit vir hulle maklik is om die gebeure in die verhaal te visualiseer. Deur ’n visuele beeld van die karakter of situasie te skep, kan kinders die humor duidelik herken.


Fisieke humor sluit ook die visuele voorkoms van ’n karakter in. Uiterste oordrywing is ’n bekende strategie in die beskrywing van karakters (Backes 2005:1):

Physical humour can be anything from slapstick for younger readers (a clumsy duck or near-sighted dog), to a character who dresses outrageously in middle grade novels. Physical humour is used in picture books and early readers more than in upper middle grade and young adult novels – the older children appreciate more cerebral humour.

Kappas (1967:68) beskryf fisieke humor as “the form of humour that depends for its effect on fast, boisterous, and zany physical activity and horseplay”.

Smith (1967:271) beskryf hoe hierdie kategorie van humor mense van alle ouderdomme amuseer: “Obviously, physical humour causes people of all ages to laugh – instinctively, unreasoningly, with unintellectual belly laughs.”

Jonger kinders vind verspote karakters en onrealistiese of oordrewe gebeure die snaaksste (McGhee 1979). Jonger kinders lag dikwels vir ’n karakter wat anders as die normale lyk en optree.



Figuur 9. Geraamte in die klas

Die voorblad van Fanie Viljoen se *Geraamte in die klas* (2006) is ’n voorbeeld van fisieke humor omdat die geraamte aangetrek is soos ’n onderwyser (figuur 9). Die voorblad van hierdie boek is ’n uitbeelding van die gebeure in die verhaal, waar twee leerders, Stephan en sy vriend Cobus, per ongeluk vir juffrou Beneke in ’n geraamte verander. Die ongeluk gebeur nadat Cobus en Stephan se wetenskap-eksperiment skeefloop. Die konkoksie in hul proefbuis ontplof net toe juffrou Beneke by hulle lessenaar kom staan, en die ontploffing is so groot dat juffrou Beneke die plastiekgeraamte wat voor in die klas staan, disnis val. Juffrou Beneke verdwyn en net die geraamte bly oor. Die seuns se lawwe avonture met die lewende

geraamtejuffrou behoort groot plesier aan kinders te verskaf vanweë die humoristiese situasies, visuele beelde en fisieke humor in die verhaal.

Oupa Eben in *Wolfgang Amadeus Muis* (De Vos 2010) is ook 'n voorbeeld van 'n karakter wat fisieke humor verteenwoordig. Hy loop in sy slaap en hy droom hy is 'n aasvoël terwyl hy sy arms wyd uitstrek en sy valstande en boek van die bedkassie afstamp.

Fisieke humor maak staat op oordrywing van basiese gebeure en karakters se voorkoms, asook die onskuld en onbevoegdheid van 'n karakter. Skatologiese humor kom ook dikwels in hierdie kategorie van humor voor. Jonger lesers behoort grotendeels aanklank by hierdie kategorie van humor te vind.

3.4 Onsinnigheid

Nonsensliteratuur is literatuur wat onsinnige (nonsens-) elemente gebruik om taalkonvensies of logiese redenering uit te daag (Tigges 1988). Hierdie soort humor kan volgens Kappas (1967:68) gedefinieer word as die “onsinnige gebruik van logika en taal” (my vertaling).

Onsinnigheid is 'n element van humor wat dikwels in kinderliteratuur gevind word. Kappas (1967) verwys daarna as absurde humor.

Die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT) definieer nonsensliteratuur as: onsinliedjies, onsinrympies, onsinversies, nonsens-liedjies en nonsens-stories.

Die volgende aftelrympie is 'n voorbeeld van onsinnigheid:

Olke bolke riebiekie stolke
Olke bolke knor
Êrie tjêrie tjiakerie tjêrie
Êrie tjêrie tjorts!

Philip de Vos is bekend vir sy onsinversies en -rympies. Die titels van sy verseboeke, wat oënskynlik op kinders gerig is maar tog ook volwasse en diep is, verskaf 'n voorsmaak van die onsinnigheid wat daarin voorkom: *O togga! 'n Gogga* (1984); *Brommer in die sop* (1986); *Daar's bitterals in die heuningwals* (1988); *Die Worcester Asporcester en ander lustige limericke* (1989); *Moenie 'n mielie kielie nie* (1995); *Die Dêng van Gauteng* (1995); *Kat se blad* (1999); en *Mallemeuleman* (2004).

Smith (1967) verwys na Lewis Carroll se "Jabberwocky" as 'n voorbeeld, terwyl Mallan (1993) en Shannon (1999) weer Roald Dahl en Dr. Seuss se boeke as voorbeelde noem.

Onsinnigheid dui op humoristiese teenstrydigheid “waarin een van die heel basiese eienskappe van humor gebruik word, naamlik die omkering van die gewone, die 'norm'-ale of die verwagte” (Van der Westhuizen 2008:127). In die versie “Dieremaniere” van Fanie Viljoen (in Scheepers en Kotzé-Myburgh 2010:62) word daar onsinnige vrae aan die leser gestel:

Het jou hond 'n skewe stert?
Is daar kolle op jou perd?
Loop jou kat 'n bietjie skeef?
Dink jou vis hy is 'n kreef?
Swem jou eendjie agteruit?
Het jou muis se maag 'n fluit?
'n Veearts het die regte medisyne
vir elke dier se skeet en pyne.

Die humor in Viljoen se versie spruit uit die onversoerbare of teenstrydige kombinasie van eienskappe van diere, soos in reëls 4, 5 en 6: 'n vis kan nie dink dat hy 'n kreef is nie (reël 4); 'n eendjie kan nie agteruit swem nie (reël 5); en 'n muis se maag kan nie 'n fluit hê nie (reël 6).

Onsinnige humor is belangrik, veral vir die jonger kind (Jalongo 1985:111): “The nonsensical, slapstick, and comic mishap are all elements of children’s books suitable for primary level children.”

Die jong kind put genot uit hierdie soort humor, omdat daar met taal gespeel word. Onsinnige woorde word geskep net omdat dit snaaks klink – dus vir die vermaaklikheid daarvan.

3.5 Humoristiese diskoers

Navorsers en kritici kategoriseer taalspel as 'n kategorie van humor (Kappas 1967; Smith 1967; Monson 1968; Nilsen en Nilsen 1982; Whitmer 1986; Shaeffer en Hopkins 1988; Landsberg 1992; Mallan 1993).

Taalspel verwys onder meer na idiomatiese uitdrukkings, personifikasie en woordspel. Tydens taalspel word daar gespeel met taalreëls, klanke, herhaling, oordrywing en onverwagte assosiasies, metafore en vergelykings.

Taalspel bied geleentheid vir kinders om intelligente interpretasies te maak van kinderboekskrywers se spel met taal (Whitmer 1986:532):

Playful experimentation with language is a pleasant strategy for introducing critical reading to even the youngest children, as they increase their vocabularies while forming new concepts and broadening old ones. Word play offers children much experience in categorizing as they discern likenesses and differences, compare and contrast meanings, and evaluate what is appropriate and inappropriate to the situation.

Taalspel is 'n onlosmaaklike deel van kinders se idee van pret. Humoristiese taalspel is nie net snaaks nie, maar dit is dikwels ook 'n genotvolle uitdaging vir kinders. Om taalspel te snap, moet die kind in staat wees om die humor kognitief te verstaan (Vygotsky 1978; Whitmer 1986; Shaeffer en Hopkins 1988; Mallan 1993):

Incongruities in discourse can be appreciated by older children who command a certain sophistication of language and literary experience. Language play can take many forms, from nonsense talk to incisive forms of wit. As we have seen, young children usually enjoy nonsense language and odd-sounding or inventive words, and, as they grow older, linguistic ambiguities and challenges become more important to them. (Mallan 1993:15)

Wanneer lesers begin om humoristiese literatuur te verken, word hulle uitgedaag om met taal te speel (Mallan 1993:18):

They are also invited to view people and their actions in ways which tend to reveal discrepancies between expectations and reality. They find the accepted order frequently turned upside down as they are presented with deviations from conventional social behaviour.

'n Voorbeeld van humoristiese taalspel kom voor in *Vincent van Gogga* (De Vos 2009): Vincent van Gogga se naam sinspeel op die naam van die beroemde skilder Vincent van Gogh (1853–1890). Hierdie woordspel behoort snaaks gevind te word deur lesers van 'n ouer ouderdomsgroep wat weet wie die skilder was. In *Madame Zelda*, die Egiptiese sigeuner, se bos rooi hare woon daar 'n familie vlooie genaamd die Van Goggas – Ma van Gogga, Pa van Gogga en hul drie kinders Willemien, Theo en Vincent van Gogga. *Madame Zelda* het 'n skilferprobleem. Vincent maak egter “skilferye” (De Vos 2009:56) van die wit vlokke met behulp van naellak. Hierdie woordspel (“skilferye”) kan dalk by jonger kinders aanklank te vind. Die woordspel tussen die woord “skilderye” en die onsinnige woord “skilferye” is humoristies. Nie net is dit snaaks dat “skilderye” en “skilfers” nou as een konsep beskryf word nie, maar dit is ook snaaks omdat mense dikwels skaam is oor 'n skilferprobleem en dit nie as gepas gesien word om daaroor te praat nie. Deur die woord “skilferye” word hierdie taboekonsep nou tot 'n kunswerk omskep wat in die publiek uitgestal word.

4. Samevatting

Humor kan op 'n individueel-psigologiese vlak sowel as op 'n literêr-sosiologiese vlak 'n heilsame en positiewe invloed hê. Dit is noodsaaklik dat 'n jong leser plesier put uit wat hy lees sodat dit hom of haar motiveer om steeds meer te wil lees.

Die geldigheid van die vyf voorgestelde kategorieë van humor (komiese karakter, draak steek met gesag, fisieke humor, humoristiese diskoers en onsinnigheid) is in hierdie artikel bewys deur gebruik te maak van Fleiss (1981) se kappa, 'n bepaling van nominale skaalooreenkoms tussen verskeie beoordelaars. Die kappa in hierdie artikel toon 'n resultaat van 0,86, wat impliseer dat die betroubaarheid van die voorgestelde kategorieë, asook die subkategorieë, genoegsaam is.

'n Opvolgartikel behels 'n diepgaande inhoudsontleding van die voorbeelde van humor in 'n seleksie van Jaco Jacobs se boeke vir jong lesers, gegroepeer volgens die bespreekte kategorieë en subkategorieë van humor.

Bibliografie

- Attardo, S. 2014. *Encyclopedia of humor studies*. Thousand Oaks, CA: Sage.
- Backes, L. 2005. Make 'em laugh: Using humor. <http://www.writerswrite.com/childrens/makeemlaugh.htm> (29 Januarie 2014 geraadpleeg).
- Bouwer, A. 2007. *Rivierplaas: Alba Bouwer omnibus*. Kaapstad: Tafelberg.
- Chapman, A.J. en H.C. Foot (reds.). 2013. *It's a funny thing, humour: Proceedings of the international conference on humour and laughter*. Oxford: Pergamon Pers.
- Cohen, J. 1960. A coefficient of agreement for nominal scales. *Educational and Psychological Measurement*, 20(1):37–46.
- Cole, M., V. John-Steiner, S. Scribner en E. Souberman (reds.). 1978. *Mind in society: The development of higher psychological processes*. Cambridge, MA: Harvard University Press.
- Cunningham, J. 2004. Children's humor. http://www.sagepub.com/upm-data/4884_ScarlettChapter5.pdf (19 Februarie 2014 geraadpleeg).
- Dahl, R. 1991. *Roald Dahl's guide to railway safety*. Londen: British Railways Board.
- . 2016a. *James en die reuse perske*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- . 2016b. *Matilda*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- . 2016c. *Die GSR*. Kaapstad: Tafelberg.
- De Vos, P. 1984. *O togga! 'n Gogga*. Kaapstad: Tafelberg.
- . 1986. *Brommer in die sop*. Kaapstad: Tafelberg.
- . 1988. *Daar's bitterals in die heuningwals*. Kaapstad: Tafelberg.
- . 1995. *Moenie 'n mielie kielie nie*. Kaapstad: Tafelberg.
- . 1989. *Die Worcester Asporcester en ander lustige limericke*. Kaapstad: Tafelberg.
- . 1995. *Die Dêng van Gauteng*. Kaapstad: Tafelberg.
- . 1999. *Kat se blad*. Kaapstad: Tafelberg.

- . 2004. *Mallemeuleman*. Kaapstad: NB-uitgewers.
- . 2009. *Vincent van Gogga*. Kaapstad: NB-uitgewers.
- . 2010. *Wolfgang Amadeus Muis*. Kaapstad: NB-uitgewers.
- Dickie, S. 2011. *Cruelty and laughter: Forgotten comic literature and the unsentimental eighteenth century*. Chicago: University of Chicago Press.
- Fleiss, J.L. 1981. *Statistical methods for rates and proportions*. New York: Wiley, John & Sons.
- Fletcher, T. en D. Poynter. 2018. *Dino poef 'n planeet!* Kaapstad: NB-Uitgewers.
- Fourie, C. 2008. *Heleen en die heks met hoofpyn*. Kaapstad: Protea Boekhuis.
- Ghesquière, R. 2009. *Jeugdliteratuur in perspektief*. Leuven: Acco.
- Greyling, F. 1999. In die storiewêreld in – Die jong leser en identifisering met karakters. <http://www.storiowerf.co.za/artikels-dinkskrum/identifisering.htm#jauss> (13 Mei 2016 geraadpleeg).
- Holzwarth, W. en W. Erlbruch. 2002. *Die storie van die molletjie wat wou weet wie op sy kop gedinges het*. Vertaal deur Linda Rode. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Jalongo, M.R. 1985. Children's literature: There's some sense to its humor. *Childhood Education*, 62(2):109–14.
- Jauss, H.R. 1977. *Ästhetische Erfahrung und literarische Hermeneutik I*. München: Wilhelm Fink.
- Kappas, K.H. 1967. A developmental analysis of children's reactions to humor. *The Library Quarterly*, 37(1):67–78.
- Landsberg, M. 1992. Liberating laughter. *American Education*, 16(3):34–48.
- Lessing-Venter, N. 2018. 'n Beskouende ondersoek van humorontwikkeling, humorsin en enkele meganismes onderliggend aan humor. *LitNet Akademies*, 15(3). <https://www.litnet.co.za/n-beskouende-ondersoek-van-humorontwikkeling-humorsin-en-kele-meganismes-onderliggend-aan-humor/> (29 Oktober 2018 geraadpleeg).
- Lessing-Venter, N. en M. Snyman. 2017. Aspekte wat kinders se leesmotivering beïnvloed. *LitNet Akademies*, 14(3):866–95. <https://www.litnet.co.za/aspekte-wat-kinders-se-leesmotivering-beinvloed> (29 Oktober 2018 geraadpleeg).

Lynch-Brown, C. en C. Tomlinson. 2005. *Essentials of children's literature*. 5de uitgawe. Boston: Pearson.

Mallan, K. 1993. *Laugh lines*. Newtown: Ambassador Pers.

Martin, R.A. 2007. *The psychology of humour: An integrative approach*. Londen: Elsevier Academic Press.

Mawter, J. 2005. Humour in literature: Why gross works for kids. <http://www.jenimawter.com/pdfs/Humour%20in%20Literature.pdf> (26 Februarie 2014 geraadpleeg).

McGhee, P.E. 1979. *Humor: its origin and development*. New York: Freeman.

Monson, D. 1968. Influence of method of questioning upon children's responses to humorous situations in literature. Referaat gelewer tydens die jaarlikse vergadering van die American Educational Research Association. https://archive.org/details/ERIC_ED017433 (15 Mei 2016 geraadpleeg).

Nilsen, D. en A. Nilsen. 1982. Exploration and defence of the humor in young adult literature. *Journal of Reading*, 26(1):58–65.

Oosthuizen, M.M. 2010. 'n Polisistemiese ondersoek na veranderinge in die Afrikaanse kinderliteratuur-sisteem sedert 1990. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch. <https://docplayer.net/40904144-N-polisistemiese-ondersoek-na-veranderinge-in-die-afrikaanse-kinderliteratuur-sisteem-sedert-1990.html> (26 Februarie 2016 geraadpleeg).

Oosthuysen, J. 2008. *Bessie Hemelbesem en oom Sak Sarel se testament*. Pretoria: LAPA.

Preller, M. 2008. *Lisa het 'n plan*. Pretoria: LAPA.

Redlich, B. 2011. *Wie het bollie gegooi?* Vertaler onbekend. Kaapstad: Topline-boekverspreiders.

Scheepers, R. en S. Kotzé-Myburgh (reds.). 2010. *Nuwe kinderverseboek*. Kaapstad: NB-uitgewers.

Shannon, D. 1999. What children find humorous in the books they read and how they express their responses. *Humor: International Journal of Humor Research*, 12(2):119–50.

Shaeffer, M. en D. Hopkins. 1988. Miss Nelson, knock-knocks, and nonsense: Connecting through humor. *Childhood Education*, 65(2):88–93.

Smith, J. 1967. *A critical approach to children's literature*. New York: McGraw-Hill.

Smith, T. 2013. *Trompie, Omnibus 1*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Steenberg, E. 2013. Kinderliteratuur. <http://www.literaryterminology.com/index.php/18-k/83-kinderliteratuur> (12 Desember 2016 geraadpleeg).

Tigges, W. 1988. *An anatomy of literary nonsense*. Amsterdam: Rodopi.

Van der Westhuizen, B. 2008. Humor in die geesgenootlike kinderpoësie van Annie M.G. Schmidt en Philip de Vos – boeiend tot in die fyn grein van die taal. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 15(2):116–38.

Vels, V. 2002. *Die Liewe Heksie-omnibus*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Viljoen, F. 2006. *Geraamte in die klas*. Kaapstad: NB-uitgewers.

—. 2010. Dieremaniere. In Scheepers en Kotzé-Myburgh (reds.) 2010.

Vygotsky, L.S. 1978. The role of play in development. In Cole, John-Steiner, Scribner en Souberman (reds.) 1978.

Whitmer, J. 1986. Pickles will kill you: Use humorous literature to teach critical reading. *The Reading Teacher*, 39(6):530–4.

Wolfenstein, M. 1954. *Children's humor: A psychological analysis*. Glencoe, IL: The Free Press.

Erkennings

* Ek wil graag erkenning gee en my dank betuig aan die Erfenisstigting wat deur middel van hulle Navorsingstrust 'n finansiële bydra tot my navorsing gemaak het.

** Dankie ook aan Werner Brand van die Universiteit van Edinburgh in Skotland vir sy hulp met die statistiese gedeelte van hierdie artikel.